AGRI NW

# RIGLYNE VIR DIE GEBRUIK
# VAN DIE
# AGRI NW LOGO

Hierdie is 'n riglyn vir die gebruik van die Agri NW Logo om te verseker dat alle elemente hierin vervat, die korporatiewe identiteit van Agri NW uitdra. Die logo is die primêre komponent van Agri NW se korporatiewe identiteit.

**UITLEG EN SPESIFIKASIES**

- Die uitleg en verhouding van die logo mag nie verander, mee gepeuter of gewysig word nie.

- Die kleure in die logo mag nie vervang word met ander kleure nie. (Sien aangehegte Pantone Kleurkaart vir enige druk of borduurwerk).

- Die logo mag horisontaal vanaf links-bo, regs-bo, regs-onder of gesentreerd gebruik word.

- Die logo grootte word bepaal deur die hoogte en/of breedte van die spasie wat beskikbaar is op die bemarkingsmateriaal en word derhalwe nie deur hierdie riglyne voorgeskryf nie.

- Indien nodig, kan die logo as korporatiewe identiteit in **swart** gebruik word op **wit memorandums**, bv. faksimilee dekblad of op kopieë van oorspronklike dokumente wat vir 'n spesifieke doel vermeerder moet word. In hierdie geval is dit die enigste geval waar daar van die oorspronklike kleure afgewyk mag word.

## VOORWAARDES VIR GEBRUIK VAN DIE AGRI NW LOGO

- Die Agri NW Logo mag slegs gebruik word ter bevordering en/of die uitbouing van die Organisasie se sigbaarheid en verteenwoordig Agri NW se amptelike korporatiewe handelsidentiteit ("*brand*").

- Die Agri NW Logo mag slegs gebruik word by 'n byeenkoms waarby Agri NW 'n direkte belang het en/of in belang van sy produsent optree.

- Die logo mag nie vertoon/gebruik word by enige **nie- verwante** byeenkoms en/of bemarkingsaksie nie – dit sluit in die gebruik van geskrewe korrespondensie, baniere, goedere en dienste, webtuistes, publikasies en korporatiewe items/geskenke.

- Die Agri NW Logo of 'n verpersoonliking/uitbeelding daarvan, mag nie deur enige individue), trust, vennootskap, beslote of geslote korporasie, organisasie of maatskappy gebruik word ter bevordering van eie of finansiële gewin nie.

- "Agri NW" as naam/titel of sy amptelike logo mag nie gebruik word deur enige individue), trust, vennootskap, beslote of geslote korporasie, organisasie of maatskappy as sy eie identiteit nie.

- Die logo moet konsekwent gehou word.

- Die logo moet duidelik en eenvoudig gebruik word ten einde maksimum en visuele prominensie te verseker.

- In bemarkingsaksies mag die informele gebruik van die logo slegs **aangepas** word met die nodige toestemming van die Agri NW Dagbestuur.

- Die Agri NW Logo mag **geensins** gekoppel word aan 'n politieke byeenkoms van enige aard nie of mag nie gebruik word deur enige individue), trust, vennootskap, beslote of geslote

korporasie, organisasie of maatskappy om sy/haar politieke posisie te versterk of te ondersteun nie.

- Die Agri NW Logo mag nie op so wyse gebruik word dat dit die beeld en/of sigbaarheid van die Organisasie skade berokken nie.

- Die vertoon van die logo en logo-tipe mag nie gebruik word teenstrydig met hierdie gestelde riglyne nie.

- Die Agri NW Logo is die korporatiewe identiteit van Agri NW en dit impliseer dat alle strukture tot op grondvlak by hierdie riglyne ingebind word.